SUBTROPICO
INVESTMENT PARTNERS

SUBTROPICO BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1993/000220/06)
("**Subtropico**")

AANKONDIGING VAN 'N VERHOOGDE EN GEWYSIGDE AANBODTEENPRESTASIE VAN DIE AANBOD OM AL DIE UITGEREIKTE GEWONE AANDELE VAN KLK LANDBOU BEPERK ("KLK")(MET DIE UITSONDERING VAN DIE AANDELE WAT DEUR SUBTROPICO IN KLK GEHOU WORD) TE VERKRY

1. INLEIDING

1.1 KLK aandeelhouers word verwys na die omsendbrief wat op 12 Desember 2018 deur Subtropico aan KLK aandeelhouers uitgereik is ("**Aanbod Omsendbrief**"), wat die bepalings van die aanbod ("**Aanbod**") vervat wat deur Subtropico aan die Oorblywende Aandeelhouers van KLK gemaak is om al die uitgereikte aandele van KLK te verkry, met die uitsondering van daardie Aandele wat deur Subtropico gehou word, synde 'n totaal van 11 922 506 Aandele. Woorde met hoofletters wat hierin gebruik word, tensy teenstrydig met die konteks of anders gedefinieer hierin, het die betekenisse wat in die Aanbod Omsendbrief daaraan geheg word.

1.2 Ingevolge die Aanbod Omsendbrief het Subtropico, onderworpe aan die vervulling van 'n aantal opskortende voorwaardes (soos in die Aanbod Omsendbrief uiteengesit), waarvan nog net een vervul moet word, aangebied om die Aanbod Aandele te verkry vir 'n kontantbedrag van R17,50 per KLK Aandeel, of 'n aandeel-alternatief van een Subtropico aandeel vir elke ses KLK Aandele ("**Subtropico Aandeel-alternatief**"), of 'n kombinasie van kontant en Subtropico aandele ("**Subtropico Aanbod**").

1.3 By die sluiting van sake op 18 Februarie 2019 het Subtropico 5 258 885 van KLK se uitgereikte gewone aandele gehou, wat 30.61% van KLK se volle uitgereikte aandelekapitaal verteenwoordig.

2. VERHOOGDE EN GEWYSIGDE AANBODTEENPRESTASIE

2.1 Na die pos van die Aanbod Omsendbrief het Subtropico ooreengekom, en maak hiermee die aanbod, ingevolge Regulasie 104 van die Maatskappyregulasies, 2011 (uitgereik ingevolge Artikel 223 van die Maatskappywet, No 71 van 2008, soos gewysig) ("**Maatskappywet**") ("**Regulasies**"), om die Aanbodteenprestasie betaalbaar aan al die Oorblywende Aandeelhouers vir hulle Aanbod-aandele, na R19.00 (negentien Rand) per KLK aandeel te verhoog sonder enige Subtropico Aandeel-alternatief ("**Gewysigde Aanbodteenprestasie**"). Die Gewysigde Aanbodteenprestasie sal aan die Oorblywende Aandeelhouers op presies dieselfde bepalings en voorwaardes soos in die Aanbod Omsendbrief uiteengesit betaal word, behalwe dat die Gewysigde Aanbodteenprestasie sal 'n kontantbedrag van R19.00 per Aanbod-aandeel wees sonder enige Subtropico Aandeel-alternatief ("**Gewysigde Aanbod**").

2.2 Ter nakoming van Regulasie 104(2) sluit hierdie aankondiging, onder andere, die inhoudelike vereistes vir 'n aankondiging van vaste voorneme soos in die TRP Regulasies in die vooruitsig gestel, in.

2.3 Die TRP het goedkeuring aan Subtropico verleen om die Aanbod-teenprestasie te wysig en die Gewysigde Aanbod-teenprestasie aan die Oorblywende Aandeelhouers aan te bied, onderworpe aan nakoming van die TRP Regulasies.

3. **BEWEEGREDE VIR DIE GEWYSIGDE AANBOD**

3.1 Die beweegrede vir die Gewysigde Aanbodteenprestasie is om die Aanbodteenprestasie binne die waardereeks per KLK Aandeel te bring, wat Ernst and Young Advisory Services Eiendoms Beperk, die onafhanklike deskundige wat deur die onafhanklike direksie van KLK aangestel is, as billik beskou, naamlik in 'n waardereeks tussen R19.00 (negentien rand) en R23.00 (drie en twintig rand).

3.2 Die Gewysigde Aanbodteenprestasie verteenwoordig 'n premie van 21.8% bo die oor-die-toonbank-verhandelingsprys van KLK op 27 September 2018 van R15.60 per KLK Aandeel, die dag voor die omsigtigheidsaankondiging deur KLK gemaak is waarin Aandeelhouers kennis gegee is van Subtropico se voorneme om die Aanbod te maak.

4. **BEPALINGS VAN DIE AANBOD**

4.1 Subtropico maak hiermee 'n aanbod om al die oorblywende gewone aandele in KLK te verkry wat nie reeds deur Subtropico gehou word nie, naamlik 11 922 506 KLK Aandele, vir 'n kontantteenprestasie van R19.00 (negentien rand) per KLK Aandeel, onderworpe daaraan dat die opskortende voorwaardes tot die Aanbod vervul word.

4.2 Die Gewysigde Aanbodteenprestasie verteenwoordig 'n premie van 21.8% bo die oor-die-toonbank-verhandelingsprys van KLK op 27 September 2018 van R15.60 per KLK Aandeel, die dag voor die omsigtigheidsaankondiging deur KLK gemaak is waarin Aandeelhouers kennis gegee is van Subtropico se voorneme om die Aanbod te maak.

4.3 Verwysings in die Aanbod Omsendbrief na die Aanbodteenprestasie moet as verwysings na die Gewysigde Aanbodteenprestasie gelees word.

4.4 Behalwe tot die mate dat dit spesifiek of by noodwendige implikasie hierin verander is of nie met die bepalings van hierdie aankondiging strook nie, bly al die oorblywende bepalings en voorwaardes van die Aanbod onveranderd en *mutatis mutandis* van krag.

5. **OPSKORTENDE VOORWAARDES TOT DIE AANBOD**

5.1 Al die opskortende voorwaardes waaraan die Aanbod onderworpe is, is vervul, met die uitsondering van die opskortende voorwaarde dat Subtropico die nodige toestemming van die Mededingingsraad, ingevolge die Wet op Mededinging, Nr 89 van 1998, verkry om Subtropico in staat te stel om die aanbod teen 28 Februarie 2019 te implementeer. Subtropico is geregtig om hierdie datum uit te stel en het die datum vir die vervulling van die uitstaande opskortende voorwaarde tot 31 Maart 2019 uitgestel.

5.2 Daar word verwag dat die nodige toestemming van die Mededingingsraad teen 31 Maart 2019 verkry sal word. Subtropico is geregtig om die datum waarteen die uitstaande opskortende voorwaarde vervul moet word, verder uit te stel.

6. **BEVESTIGING VAN BEFONDSING AAN TRP**

6.1 Indien al die Oorblywende Aandeelhouers die Gewysigde Aanbodteenprestasie ten opsigte van al die Aanbod-aandele aanvaar, is die maksimum aanbodteenprestasie deur Subtropico betaalbaar die bedrag van R226 527 614.

6.2 Ter nakoming van Regulasies 111(4) en 111(5) van die Regulasies, het Subtropico die TRP met twee onherroeplike, onvoorwaardelike bankwaarborge, uitgereik deur Absa Bank Beperk, ten bedrae van R67 000 000 en R160 000 000 onderskeidelik (die "**Waarborge**"), voorsien, ten einde die volle Gewysigde Aanbodteenprestasie betaalbaar ingevolge die Gewysigde Aanbod, naamlik R226 527 614, te bevredig.

6.3 Die Waarborge, wat tesame R227 000 000 bedra, verskaf voldoende sekuriteit vir Subtropico se betalingsverpligtinge ingevolge die Gewysigde Aanbod.

7. **GESAMENTLIKE OPTREDE**

7.1 Geen party tree in samewerking saam met Subtropico ten opsigte van die Gewysigde Aanbod op nie.

7.2 Subtropico bevestig dat dit die uiteindelike voorgestelde koper is van al die Aanbod-aandele en dat dit nie as agent of makelaar vir enige ander party optree nie.

8. TYDPERK VIR AANVAARDING

8.1 Die Aanbod sal oop bly vir aanvaarding deur KLK aandeelhouers vir 'n tydperk van minstens 15 Sakedae na die datum waarop hierdie Gewysigde Aanbodteenprestasie Aankondiging aan die Oorblywende Aandeelhouers gepos is, soos deur Regulasie 104(2) vereis. Die Aanbod het op Donderdag, 13 Desember 2018, geopen.

8.2 Subtropico mag, in sy alleendiskresie, maar onderworpe aan die bepalings en vereistes van die Maatskappywet, die TRP Regulasies en enige ander toepaslike wette, die Sluitingsdatum uitstel. In sodanige geval sal alle gewysigde datums en tye aangekondig word.

9. BETALING VAN DIE GEWYSIGDE AANBODTEENPRESTASIE

Aanvaardings wat deur die maatskappysekretaris van Subtropico ontvang word –

9.1 voordat die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het, volgens die prosedure wat in die Aanbod Omsendbrief voorgeskryf word, sal betaal, oorgedra of gepos word (na gelang van die geval) binne ses Sakedae nadat die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het soos in TRP Regulasie 102(12)(a) in die vooruitsig gestel; en

9.2 tussen die datum waarop die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het en die Sluitingsdatum, sal betaal, oorgedra of gepos word (na gelang van die geval) binne ses Sakedae na ontvangs van die betrokke aanvaarding deur 'n Oorblywende Aandeelhouer deur Subtropico se Maatskappysekretaris.

10. VERNAAMSTE DATUMS EN TYE

10.1 As gevolg van die wysiging van die Aanbod soos uiteengesit in hierdie aankondiging, en soos ingevolge Regulasie 104(2)(b) van die Regulasies vereis, sal Subtropico 'n kopie van hierdie aankondiging aan die Oorblywende Aandeelhouers pos.

10.2 Die Gewysigde Aanbod sal in ooreenstemming met die tydtafel hieronder uiteengesit, geïmplementeer word.

1	Aanbod open om 9:00 op die Openingsdatum	Donderdag, 13 Desember 2018
2	Gewysigde Aanbod aankondiging deur Subtropico aan KLK direksie voorgelê	20 Februarie 2019
3	Gewysigde Aanbod aankondiging aan aandeelhouers gepos	25 Februarie 2019
4	Aankondiging dat Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik is	Binne een Sakedag nadat die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het
5	Gewysigde Aanbod sluit om 12:00 op die Sluitingsdatum	Na verwagting nie vroeër as 10 Sakedae na die datum waarop die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het nie
6	Betaaldatum	Sien nota 6

Notas:

1. Die bogemelde datums en tye is onderworpe aan verandering, met die goedkeuring van die TRP. Enige veranderings sal aan die Aandeelhouers van KLK aangekondig word.
2. Die Gewysigde Aanbod sal oop bly vir ten minste 15 Sakedae na die datum waarop die Gewysigde Aanbod aan die Oorblywende Aandeelhouers aangekondig is (deur 'n kopie van hierdie aankondiging aan die Oorblywende Aandeelhouers te pos).
3. Alle tye voormelde is Suid-Afrikaanse tye.
4. 'n Ontvanger van die Aanbod wat die Aanbod aanvaar het, mag daardie aanvaarding deur skriftelike kennisgewing afgelewer aan Subtropico terugtrek, indien die Aanbod nie ten volle onvoorwaardelik verklaar is nie.
5. Tjeks ten opsigte van die Gewysigde Aanbodteenprestasie verskuldig aan KLK Aandeelhouers sal per geregistreerde pos gepos word aan sulke aandeelhouers, op hulle risiko, aan hul adresse uiteengesit in die vorm van aanvaarding, oordrag en oorgawe (*pienk*), of indien daar geen adres op die vorm van aanvaarding, oordrag en oorgawe (*pienk*)

verskyn nie, dan aan die adres wat in KLK se Aandeelhouersregister verskyn. Alternatiewelik sal die Gewysigde Aanbodteenprestasie elektronies oorgeplaas word na 'n KLK Aandeelhouer se bankrekening, indien besonderhede van sodanige rekening vir Subtropico se maatskappysekretaris beskikbaar is en die betrokke Aandeelhouer Subtropico se Maatskappysekretaris in die vorm van aanvaarding, oordrag en oorgawe gemagtig het om sodanige oorplasing te maak.

6. Aanvaardings wat deur die maatskappysekretaris van Subtropico ontvang word –
   a. voordat die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het, volgens die prosedure wat in die Aanbod Omsendbrief voorgeskryf word, sal betaal, oorgedra of gepos word (na gelang van die geval) binne ses Sakedae nadat die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het soos in TRP Regulasies 102(12)(a) in die vooruitsig gestel; en
   b. tussen die datum waarop die Gewysigde Aanbod in alle opsigte onvoorwaardelik geword het en die Sluitingsdatum, sal betaal, oorgedra of gepos word (na gelang van die geval) binne ses Sakedae na ontvangs deur Subtropico se Maatskappysekretaris van die betrokke aanvaarding deur 'n Oorblywende Aandeelhouer.

11. KLK SE ONAFHANKLIKE DIREKSIE

KLK se onafhanklike direksie moet die aankondiging insake hierdie Gewysigde Aanbodteenprestasie binne die vereiste tydperk in ooreenstemming met die bepalings van Maatskappy Regulasie 104 oorweeg en moet mettertyd hul reaksie daarop aan die Oorblywende Aandeelhouers aankondig asook die mening van hul onafhanklike deskundige daarop, tesame met ander relevante inligting.

12. VERKLARING VAN DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID

Alle direkteure van Subtropico:

- het al die feitelike stellings en menings in hierdie aankondiging oorweeg;
- aanvaar, individueel en gesamentlik, volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting wat verstrek is;
- sertifiseer dat, na die beste van hul kennis en wete, daar geen weglatings is van wesenlike feite of oorwegings wat enige feitelike verklaring of mening in hierdie dokument vals of misleidend sou maak nie;
- het alle redelike navrae in hierdie verband gedoen; en
- bevestig dat hierdie aankondiging alle inligting bevat wat deur die TRP Regulasies vereis word.

13. DOKUMENTE TER INSAE BESKIKBAAR

Benewens die dokumente waarna in paragraaf 24 van die Aanbod Omsendbrief verwys word, is 'n kopie van die volgende bykomende dokument gedurende normale sake-ure ter insae by die geregistreerde kantoor van Subtropico, Parklands Nommer 5, 229 Bronkhorststraat, Nieu Muckleneuk, Pretoria, beskikbaar, naamlik die TRP goedkeuring waarna in paragraaf 2.3 hierbo verwys word.

Johannesburg
20 Februarie 2019

Korporatiewe Adviseur van Subtropico	**Regsadviseur van Subtropico**
EXCHANGE SPONSORS	WERKSMANS ATTORNEYS

SUBTROPICO LIMITED

(Incorporated in the Republic of South Africa)
(Registration number 1993/000220/06)
("**Subtropico**")

ANNOUNCEMENT OF AN INCREASED AND REVISED OFFER CONSIDERATION OF THE OFFER TO ACQUIRE ALL THE ISSUED ORDINARY SHARES OF KLK LANDBOU LIMITED (OTHER THAN THE SHARES HELD BY SUBTROPICO IN KLK LANDBOU LIMITED) ("KLK")

14. INTRODUCTION

14.1 KLK Shareholders are referred to the circular issued by Subtropico to KLK Shareholders on 12 December 2018 ("**Offer Circular**") detailing the terms of the offer ("**Offer**") extended by Subtropico to the Remaining Shareholders of KLK to acquire all of the issued ordinary shares of KLK, excluding those Shares held by Subtropico, being a total of 11 922 506 Shares. Capitalised terms used in this letter shall, unless contrary to the context or otherwise defined herein, bear the meanings ascribed to them in the Offer Circular.

14.2 In terms of the Offer Circular, Subtropico offered, subject to the fulfilment of a number of conditions precedent (as set out in the Offer Circular), only one of which has still to be fulfilled, to acquire the Offer Shares for a cash consideration of R 17,50 per KLK Share, or a share alternative of one Subtropico share for every six KLK Shares ("**Subtropico Share Alternative**"), or a combination of cash and Subtropico shares ("**Subtropico Offer**").

14.3 At the close of business on 18 February 2019, Subtropico held 5 258 885 issued ordinary shares in KLK representing 30.61% of the entire issued share capital of KLK.

15. INCREASED AND REVISED OFFER CONSIDERATION

15.1 Subsequent to the posting of the Offer Circular, Subtropico has agreed to, and hereby do, in terms of Regulation 104 of the Companies Regulations, 2011 (issued in terms of Section 223 of the Companies Act, No 71 of 2008, as amended) ("**Companies Act**") ("**Regulations**"), increase and amend the Offer Consideration payable to all Remaining Shareholders for their Offer Shares to R 19.00 (nineteen rand) per KLK Share with no Subtropico Share Alternative ("**Revised Offer Consideration**"). The Revised Offer Consideration will be paid to the Remaining Shareholders on exactly the same terms and conditions as detailed in the Offer Circular, other than that the Revised Offer Consideration will be a cash consideration of R 19,00 per Offer Share with no Subtropico Share Alternative ("**Revised Offer**").

15.2 In compliance with Regulation 104(2), this announcement includes, *inter alia*, the content requirements for a firm intention announcement contemplated in the TRP Regulations.

15.3 The TRP has granted Subtropico approval to revise the Offer Consideration, and offer the Remaining Shareholders the Revised Offer Consideration, subject to compliance with the TRP Regulations.

16. RATIONALE FOR THE REVISED OFFER

16.1 The rationale for the Revised Offer Consideration is to bring the Offer Consideration within the value range per KLK Share that Ernst and Young Advisory Services Proprietary Limited, the independent expert appointed by the independent board of directors of KLK, determined as being fair, namely in a value range between R 19.00 (nineteen rand) and R 23.00 (twenty three rand).

16.2 The Revised Offer Consideration represents a premium of 21.8% over the KLK over the counter trading price as at 27 September 2018 of R15.60 per KLK Share, the day prior to the release of the cautionary announcement by KLK notifying Shareholders of Subtropico's intention to make the Offer.

17. TERMS OF THE OFFER

17.1 Subtropico hereby make an offer to acquire all the remaining ordinary shares in KLK not already held by Subtropico, namely 11 922 506 KLK Shares, for a cash consideration of R 19.00 (Nineteen rand) per KLK Share, subject to the conditions precedent to the Offer being fulfilled.

17.2 The Revised Offer Consideration represents a premium of 21.8% over the KLK over the counter trading price as at 27 September 2018 of R15.60 per KLK Share, the day prior to the release of the cautionary announcement by KLK notifying Shareholders of Subtropico's intention to make the Offer.

17.3 References to the Offer Consideration in the Offer Circular should be construed as a reference to the Revised Offer Consideration.

17.4 Save to the extent specifically or by necessary implication modified in or inconsistent with the provisions of this announcement, all of the remaining terms and conditions of the Offer shall remain unchanged and shall continue in full force and effect *mutatis mutandis*.

18. CONDITIONS PRECEDENT TO THE OFFER

18.1 All conditions precedent to which the Offer is subject have been fulfilled other than the condition precedent that Subtropico obtain the necessary approval from the Competition Commission in terms of the Competition Act, No 89 of 1998, to enable Subtropico to implement the Offer by 28 February 2019. Subtropico has the right to extend this date and has extended the date for fulfilment of the outstanding condition precedent to 31 March 2019.

18.2 It is expected that the requisite approval will be obtained from the Competition Commission by 31 March 2019. Subtropico has the right to further extend the date by which the outstanding condition precedent is to be fulfilled.

19. TRP FUNDING CONFIRMATION

19.1 Should all the Remaining Shareholders accept the Revised Offer Consideration in respect of all the Offer Shares, the maximum offer consideration payable by Subtropico will be R226 527 614.

19.2 In compliance with Regulations 111(4) and 111(5) of the Regulations, Subtropico has provided the TRP with two irrevocable, unconditional bank guarantees issued by ABSA Bank Limited in the amounts of R67 000 000 and R160 000 000 respectively (the "**Guarantees**") to satisfy the full Revised Offer Consideration payable in terms of the Revised Offer, namely R226 527 614.

19.3 The Guarantees, collectively amounting to R227 000 000, provides adequate security for Subtropico's payment obligations in terms of the Revised Offer.

20. ACTING IN CONCERT

20.1 No party is acting in concert with Subtropico in respect of the Revised Offer.

20.2 Subtropico confirms that it is the ultimate proposed purchaser of all the Offer Shares and it is not acting as agent or broker for any other party.

21. ACCEPTANCE PERIOD

21.1 The Offer will remain open for acceptance by KLK Shareholders for a period of at least 15 Business Days after the date on which this Revised Offer Consideration Announcement has been posted to the Remaining Shareholders, as required by Regulation 104(2). The Offer opened on Thursday, 13 December 2018.

21.2 Subtropico may, in its sole and absolute discretion, but subject to the provisions and requirements of the Companies Act, the TRP Regulations and any other applicable laws, extend the Closing Date. In such event, all amended dates and times will be announced.

22. SETTLEMENT OF THE REVISED OFFER CONSIDERATION

Acceptances received by the Subtropico company secretary –

22.1 prior to the Revised Offer becoming unconditional in all respects, in accordance with the procedure stipulated in the Offer Circular, will be settled, transferred or posted (as the case may be), within six Business Days once the Revised Offer becomes unconditional in all respects as contemplated by TRP Regulation 102(12)(a); and

22.2 between the date upon which the Revised Offer becomes unconditional in all respects and the Closing Date, will be settled, transferred or posted (as the case may be) within six Business Days after receipt of the relevant acceptance from a Remaining Shareholder by the Subtropico company secretary.

23. SALIENT DATES AND TIMES

23.1 Pursuant to the revision of the Offer as contemplated in this announcement, and as required in terms of Regulation 104(2)(b) of the Regulations, Subtropico will post a copy of this announcement to the Remaining Shareholders.

23.2 The Revised Offer will be implemented in accordance with the timetable set out below.

1	Offer opens at 9:00 on the Opening Date	Thursday, 13 December 2018
2	Revised Offer announcement submitted by Subtropico to the KLK board	20 February 2019
3	Revised Offer announcement posted to shareholders	25 February 2019
4	Revised Offer to be announced as being unconditional in all respects	within one Business Day after the Revised Offer becomes unconditional in all respects
5	Revised Offer closes at 12:00 on the Closing Date	Anticipated to be no earlier than 10 Business Days following the date on which the Revised Offer becomes unconditional in all respects
6	Payment Date	See note 6

Notes:

1. The above dates and times are subject to change, with the approval of the TRP. Any changes will be announced to the Shareholders of KLK.
2. The Revised Offer shall remain open for at least 15 Business Days after the date on which the Revised Offer is announced (by posting a copy of this announcement) to the Remaining Shareholders.
3. All times indicated above are South African times.
4. An Offeree who has accepted the offer may withdraw that acceptance, by notice in writing delivered to Subtropico, if the Offer has not been declared wholly unconditional.
5. Cheques in respect of the Revised Offer consideration due to KLK Shareholders will be posted, by registered mail, to such Shareholders, at such Shareholders' risk, to their addresses reflected in the form of acceptance, transfer and surrender *(pink)*, or if there is no address on the form of acceptance, transfer and surrender *(pink)*, to the addresses reflected on the KLK Shareholder register. Alternatively, the Revised Offer Consideration will be electronically transferred into a KLK Shareholder's bank account if details of such account are available to the Subtropico company secretary and the Shareholder concerned has mandated the Subtropico company secretary to do so in the form of acceptance, transfer and surrender.
6. Acceptances received by the Subtropico company secretary –
   a. prior to the Revised Offer becoming unconditional in all respects, in accordance with the procedure stipulated in the Offer Circular, will be settled, transferred or posted (as the case may be), within six Business Days once the Revised Offer becomes unconditional in all respects as contemplated by TRP Regulation 102(12)(a); and
   b. between the date upon which the Revised Offer becomes unconditional in all respects and the Closing Date, will be settled, transferred or posted (as the case may be) within six Business Days after receipt of the relevant acceptance from a Remaining Shareholder by the Subtropico company secretary.

24. **KLK INDEPENDENT BOARD OF DIRECTORS**

The KLK Independent Board will have to consider this Revised Offer Consideration announcement within the required period in accordance with the provisions of Companies Regulation 104 and will have to in due course announce to the Remaining Shareholders its response thereto and the opinion of its independent expert thereon, together with other relevant information.

25. **DIRECTORS RESPONSIBILITY STATEMENT**

All directors of Subtropico:

- have considered all statements of fact and opinion in this announcement;
- accept, individually and collectively, full responsibility for the accuracy of the information given;
- certify that, to the best of their knowledge and belief, there are no omissions of material facts or considerations which would make any statement of fact or opinion contained in this document false or misleading;
- have made all reasonable enquiries in this regard; and
- confirm that this announcement contains all information required by the TRP Regulations.

26. **DOCUMENTS AVAILABLE FOR INSPECTION**

In addition to those documents referred to in paragraph 24 of the Offer Circular, a copy of the following additional document is available for inspection during normal business hours at the registered office of Subtropico, Parklands No 5, 229 Bronkhorst Street, New Muckleneuk, Pretoria, namely the ruling of the TRP referred to in paragraph 2.3 above.

Johannesburg
20 February 2019

Corporate Advisor to Subtropico	**Legal Advisor to Subtropico**
EXCHANGE SPONSORS	WERKSMANS ATTORNEYS